KOMMENTAAR

# DIE VOORGESTELDE KURRIKULUMMODEL

In November 1991 het die Komitee van Onderwysdepartementshoofde 'n besprekingsdokument vrygestel oor 'N KURRIKULUMMODEL VIR ONDERWYS IN SUID-AFRIKA. Belanghebbendes is genooi om voor Maart 1992 kommentaar oor aspekte van die model te lewer. Aangesien die model die posisie van Geskiedenis in die skoolsillabus regstreeks raak, het GISTER EN VANDAG ook kommentaar gelewer. Die kommentaar word hier volledig gepubliseer sodat lesers daarop kan reageer. Uit die aard van die saak moet die kommentaar saam met die oorspronklike besprekingsdokument gelees word. Eksemplare van die dokument is aan elke skoolhoof gestuur en behoort by hulle beskikbaar te wees.

## DIE KOMMENTAAR

As die enigste Suid-Afrikaanse akademiese tydskrif wat op die onderrig van Geskiedenis op die primêre en sekondêre skool gerig is, beskou ons onself as besonder bevoeg om op bogenoemde dokument kommentaar te lewer. Ons wil graag ons diepe kommer boekstaaf oor die implikasies van die voorgestelde kurrikulummodel vir die vak Geskiedenis in die besonder maar veral vir die ernstige gebreke wat die model openbaar ten opsigte van die ontwikkeling van daardie kennis en vermoëns wat die toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing en die moderne wêreld van die kind en jongmens verwag.

### 1. DOELSTELLINGS VIR PRETERSIêRE ONDERWYS

1.1 GISTER EN VANDAG vereenselwig hom met die breë doelstellings soos op bladsy 12 afdeling 3.1 uiteengesit en ook met die deurlopende doelstellings (bladsy 13, afdeling 3.2.2) en die aanvullende doelstellings vir die junior primêre en die senior primêre fases (bladsy 15, afdelings 3.2.3 en 3.2.4) en die junior sekondêre en senior sekondêre fases (bladsye 16 en 17, afdelings 3.2.5 en 3.2.6).

1.2 Ons wys graag daarop dat Geskiedenis die enigste skoolvak is wat volledig al hierdie doelstellings ten diens is. Ook die beroepsgerigte doelstelling want indien die moderne benadering van 'n intellektuele en 'n vaardigheidsvorming in die onderrig van Geskiedenis nagevolg word, rus Geskiedenis leerlinge met 'n verskeidenheid vaardighede toe wat in 'n wye beroepsveld wel deeglik toepassing vind.

1.3 Ons vind dit jammer dat in die ontwikkeling van die model drie van die breë doelstellings bykans geïgnoreer word en vanaf graad 10 net op een doelstelling nl. beroepsgerigtheid in al die alternatiewe behalwe alternatief 1 gekonsentreer word (Figuur 4A en 4B, bladsy 43).

1.4 Dit verontrus ons verder ten diepste dat op bladsy 42 dit verder uitdruklik gestel word dat leerlinge tot 'n keuse tussen Wiskunde, Natuurwetenskappe en Sosiale Wetenskappe gedwing word.

1.5 Dit is ons oortuiging dat alle leerlinge tot graad 12 in al die alternatiewe met 'n veel beter menskennis en mensgeletterdheid toegerus moet word, as waarvoor die kurrikulummodel voorsiening maak.

1.6 Die vak Geskiedenis is die enigste skoolvak wat 'n omvangryke, geïntegreerde kennis van die menslike samelewing op politieke, ekonomiese, maatskaplike, godsdienstige, kulturele, militêre en juridiese gebied daarstel.

### 2. GESKIEDENIS AS VERPLIGTE VAK

2.1 Die kurrikulummodel is gebaseer op die uitgangspunt dat tegnologiese bewustheid vir die moderne mens onontbeerlik is. Ons wil daar byvoeg dat mensgeletterdheid, veral in Suid-Afrika se geval, totaal onontbeerlik is.

2.2 In die lig van ons argumente in afdeling 1 wil ons betoog dat Geskiedenis die sentrale mensgeletterdheidsvak op skool moet wees tot en met graad 12.

2.3 Daarom bepleit ons dat Geskiedenis 'n verpligte vak moet wees op voorwaarde dat veel meer suksesvolle en aanvaarbare sillabusse as die huidige ontwikkel moet word.

2.4 Omdat ons begryp dat in die beroepsonderwys dit nie so maklik sal wees om só 'n verpligte vak te hanteer nie, stel ons 'n spesiale kursus in Geskiedenis voor waar die aantal periodes en die evaluering van die vak aansienlik afgeskaal word. Só 'n kursus moet gerig wees daarop om die leerlinge toe te rus om die politiek-ekonomies-maatskaplike situasies waarmee hulle as burgers te doen sal kry, te hanteer.

## 3. SOSIALE WETENSKAPPE

3.1 Indien dit die bedoeling is om met Sosiale Wetenskap 'n identiteitlose vak soos Sosiale Studies, <u>Humanities</u> of Gemeenskapskunde te skep soos dit in oorsese lande bestaan, wil ons ons ten sterkste daarteen uitspreek.

3.2 Daar bestaan nie so 'n vak soos Sosiale Wetenskap nie.

3.3 Indien die bedoeling is om Geskiedenis en Aardrykskunde administratief saam te groepeer en nouer aansluiting in die sillabusse te bevorder, is die idee vir ons aanvaarbaar maar nie die benaming nie.

3.4 Die idee is vir ons aanvaarbaar op voorwaarde dat elke vak sy eie identiteit, status en periode-toewysing behou en dat die kombinasie 'n volwaardige skoolvak sal wees soos die eerste taal en Wiskunde.